# GEMEENTEBRIEF MEI 2024

**Wat 'n heerlike en opwindende tyd in die lewe van die NG Kerk Windhoek-Oos! Ons gemeenteproses het baie mooi gevorder en ons staan op die punt om 'n nuwe dominee te beroep. Dit is veral heerlik en opwindend om deur al die baie stemme wat ons hoor, die Here se stem te onderskei. Hierin speel elkeen van julle se getroue voorbidding natuurlik 'n deurslaggewende rol. Hou asseblief aan met dink en bid oor hierdie nuwe seisoen in die lewe van die gemeente. Praat asseblief met die Here hieroor, maar praat ook met mekaar oor wat jy by die Here hoor. Praat gerus ook met André. Hy was mos baie nougeset met die proses besig. André, vir jou leiding tot so ver, baie, baie dankie. Daar het verskriklik baie ure se werk hierin gegaan.**

---

## GEMEENTEPROSES

### A. Die Proses

Ek herinner julle graag aan die doel van die huidige gemeenteproses soos deur die kerkraad goedgekeur. Die doel is tweërlei van aard:

a. Om die vorentoe pad van die NG kerk Windhoek-Oos te onderskei (kort- en langer termyn, Hendrik se aftrede DV in Oktober 2025 in ag geneem);
b. Om die gemeente maksimaal deel van hierdie proses van onderskeiding te laat wees ('n gemeentelike proses van onderskeiding).

Die uitbring van 'n beroep was nie 'n uitgesproke deel van die proses nie. Belangrik is dus om raak te sien dat die proses nie in die eerste plek oor 'n moontlike beroep gegaan het nie, maar oor waartoe die Here die gemeente roep. Die veronderstelling was egter wel dat paragraaf a. hierbo helderheid behoort te bring oor die uiteindelike uitbring (of nie) van 'n beroep.

Beweging 3 (As ons dink aan Bewegings 1 en 2, waartoe roep God ons? Waarmee is Hy besig? Hoe beweeg ons nou van wat ons in Beweging 2 gehoor het na wat ons in Beweging 1 gehoor het. "What in heaven's name, is God up to?" Hoe beweeg ons nou agter Hom aan, volg ons Hom?) is uiteindelik aangepas in 'n poging om besluite oor 'n beroep/die vul van die vakature te verhaas. Die kerkraad het mense genomineer en 'n groep is uit genomineerdes en enkele mense wat aangemeld het, saamgestel. Hierdie groep het op grond van resultate uit bewegings 1 en 2 onderskei waartoe die gemeente moontlik geroep word, geoordeel dat dit wel nodig is om 'n beroep uit te bring en 'n moontlike profiel van iemand saamgestel wat 'n bydrae behoort te lewer tot die verwesenliking van hierdie roeping.

Bogenoemde aanpassing in die proses beteken dus dat daar (nog nie) nie – soos wat die aanvanklike kerkraadsbesluit voorsien het – gesprek gevoer is, voorstelle gemaak is en/of besluite geneem is oor moontlike stappe met die oog op gehoorsaamheid aan die roeping wat onderskei is nie (Hoe beweeg ons nou agter Hom aan, volg ons Hom? Wie gaan wat wanneer en hoe doen en watter kontroles gaan ons inbou?).

## B. Onderskeiding

Wanneer hier gepraat word oor die gemeente se **roeping** en die **beroep** van iemand is dit belangrik om te verstaan en te onthou dat niks van wat die Here met verloop van jare aan die gemeente gegee het en in die gemeente gevestig het se waarde hiermee onderskat word of ontken word nie. Uit die proses se resultate is duidelik dat daar groot waardering is vir wat ons het, die Storie, die stabiliteit, die mense. In die roeping en beroep gaan dit oor 'n nuwe/volgende fokus op grond van wie die gemeente is en waar die gemeente nou is, sodat die gemeente sal word wie ons reeds in Christus is. In die onderskeidingsgesprek is byvoorbeeld beklemtoon dat daar veral twee sake (van meer sake wat tydens die gemeenteproses na vore gekom het) uit die Storie is waaraan ons moet vashou en waarop ons moet bou: (i) Godsfokus, die feit dat kerk en lewe vir ons oor God gaan en (ii) Verskeidenheid wat gekoester word: Verskillende ouderdomme, geslagte, rasse, tale, kulture, agtergronde … almal in gelyke mate sonder dat die een – om watter rede ook al – bo die ander bevoordeel word**.**

### 1. <u>Roeping</u>

Hoe word ons geroep om hier waar ons ons nou bevind (Windhoek, Namibië, Afrika, 2024) God se liefde te lééf?

Veral **twee sake** staan hier uit. Indien deeglik hieraan aandag gegee word, behoort alles anders wat deur die loop van die proses na vore gekom het waarskynlik ook in plek te val. Dit beteken nie dat al die ander sake nie belangrik genoeg is om van kennis te neem en ook daaraan aandag te gee nie, maar wel dat die fokus waarskynlik by hierdie twee sake behoort te val.

#### 1.1. Ons word geroep om die daad by die word te voeg, te doen wat ons sê ons glo, te wees wie ons glo en hoor ons is, ons besluite uit te voer.

In die terugvoer tydens die gemeenteproses, byvoorbeeld:

- **Ons sê, maar ons doen nie**. Ons weet wat gedoen moet word, maar doen dit nie. Neem besluite, maar voer dit nie uit nie. Ons sien wel wat aandag behoort te kry, bring dit goed onder woorde, maar uiteindelik bly dit daarby.
- **Ons aanvaar nie (self) verantwoordelikheid nie**. Lae vlak van toewyding ("commitment") … by ander, nie by my nie. Ander moet, nie ek nie. Wil hê die kerk moet in (my) behoeftes voorsien terwyl ek self veronderstel is om iets daaraan te doen. Sê wel God is sentraal, maar eintlik draai alles om my en my wense en behoeftes en waarmee ek gemaklik is of nie gemaklik is nie. Selfgesentreerd. Wil bedien word eerder as om te dien. Verbruikersmentaliteit, kerk moet lewer wat ek wil hê, anders onttrek ek, lewer kommentaar van die kantlyn af en/of gaan elders. Sien die kerk as 'n passasierskip waar ander my bedien, eerder as oorlogskip waarop ek is omdat ek 'n werk/rol het. Sien die splinter in ander se oog en wil hê dit moet uit, maar sien nie die balk in my eie oog nie. Natuurlik moet die kerk "gaan" en mense leer om te gaan en dissipels maak, maar dis asof ons nie kan besef dat dit eintlik ek is wat moet gaan en van wie 'n dissipel gemaak moet word nie. Ons voel ons is mense met regte en ons regte moet gerespekteer word.
- **Ons bely, maar lewe nie ons belydenis nie**.

**1.2. Ons word geroep tot dissipelskap en die maak van dissipels.**

In die terugvoer tydens die gemeenteproses, byvoorbeeld:

- **'n Voortdurende, toegewyde studie (bestudering van die Bybel) en navolging van die Here Jesus deur Wie ons vir God leer ken en sien. Dissipelskap, die maak van dissipels**. Die rol van Christus is ook die rol van sy kerk. Soos die Vader Hom gestuur het, só word die kerk ook gestuur. Ons is vakleerlinge van Jesus (wat in ons vakleerlingskap moet groei) wat ook weer van ander vakleerlinge van Jesus maak. Dit gaan oor meer as net 'n studie van en luister na Jesus, sy kerk moet Hom volg. Toerusting om dissipels te wees en dissipels te maak. Die inoefening van die gemeente se gewoontes. Ontwikkel wat ons van God ontvang het. Woeker met talente. Voortdurende studie en ontwikkeling van vaardighede. Groei in dit wat God gee. Om dit in daardie sin te "vermeerder".
- **Die uitwysing van God in die wêreld/ons omgewing en aan mense (ook mekaar) met wie ons te doen het/kry**. Deur ons totale lewens. Die vra van Godsvrae. Die stimulering van verwondering oor God.
- **'n Lewe vanuit/die uitleef van 'n hegte verbintenis aan God**. Bewus van God lewe. God as enigste Een eerder as 'n moontlikheid onder andere. "Ingedompel" in Vader, Seun, Gees. 'n Lewe van lof aan en aanbidding van God. 'n Lewe deur en onder beheer van die Heilige Gees.
- **God se mense GAAN die hele tyd, is die hele tyd op pad agter Hom aan**. Gaan oor grense (soos Jesus in Fil 2), ook die grense van ons gemaksones. Dit is in ons DNS as God se mense om nie te wag dat ander na ons toe kom nie, maar om na hulle te gaan, het daarom "gaan" strukture eerder as "kom" strukture. "Gaan" veronderstel ook dat ons nog nie aangekom het nie. Ons gaan na mense (alle mense, oral), die wêreld, toe. Ons wese is "ganend".
- **Die koninkryk van God**. Mense met 'n gerigtheid op die koninkryk van God. Alles wat ons doen, het die koninkryk in die gedagte. Bedink en beoordeel ons lewens in die lig van die koninkryk wat naby gekom het. Om die hemel aarde toe te bring. Onderdanigheid en gehoorsaamheid aan die Koning. Dinge waarmee ons nie gemaklik is nie, wat ons nie wil nie, wat nie binne ons gemaksone is nie, wat nie vir ons maklik kom nie, waarvan ons nie hou nie, maar wat ons wel doen, omdat dit die Koning se wil is. Ú koninkryk, Ú wil. Nie ek/ons nie, maar Ú.

2. **<u>Beroep</u>:** Die kerkraad het, op grond van die roeping wat hierbo onderskei is, 'n profiel saamgestel van die moontlike kandidaat vir die pos. 'n Advertensie is voorberei en word tans versprei. Sluitingsdatum vir aansoeke is 30 Junie 2024.

   Almal kan bydra tot die beroepingsproses: Praat asseblief gereeld met die Here hieroor, help om die advertensie so wyd as moontlik te versprei. Kry gerus 'n kopie by die kerkkantoor.

**Die kerkraad het bogenoemde verslag goedgekeur. Die kerkraad het ook geoordeel dat die volgende fase (die Hoe?, Wat?, Waar?, Wanneer? en Wie? van Beweging 3) die nodige aandag kry ná die bevestiging van die nuwe dominee, sodat hy/sy deel van die proses kan wees. Momentum word intussen behou deur te fokus op die beroepingsproses en deur voortgaande gesprekke oor die sake wat in die verslag na vore kom.**
**Die kerkraad het ook besluit om met die aanstelling van 'n nuwe dominee te bly by die Sinodale skale vir die NG Kerk in Namibië – dit bied genoeg ruimte vir onderhandelinge, sou dit nodig wees. 'n Wonderlike deel van Windhoek-Oos se storie is immers dat die gemeente nog altyd baie goed na sy personeel omgesien het. Dit sal nie nou verander nie.**

## NOG 'N PAAR BESLUITE UIT DIE KERKRAADSVERGADERING ...

- Baie welkom aan Lizelle Nel, Eddie & Annalien Turner, Danie, Elmarize en Daniel Kotze, sowel as Nelda du Plessis – julle is nou amptelik deel van Windhoek-Oos. Dit is baie lekker dat julle deel van ons kan wees.

- Albertine Muhongo (algemene hulpwerker by die gemeente) wat vir 8 jaar by die gemeente gewerk het, tree eersdaags af – sy word 65. Haar pos word gevul deur Eva Khom-Oabes. Ons sal op gepaste wyse van Albertine afskeid neem, en vir Eva in die pos verwelkom.

**Baie sterkte vir elkeen van julle en julle rol in die koninkryk van God. Ek is weer eens diep onder die indruk dat die koninkryk dáár kom waar mense soos julle, in gehoorsaamheid aan die Here Sy liefde lééf. Hou asseblief vol daarmee. Hou asseblief ook aan bid vir die vorentoe pad van Windhoek-Oos. Mag die Here vir ons wys, wie Hy reeds gekies het.**

**Groete.**

